





# Nederigheid

Jakobus 4:6 "God weerstaan hoogmoediges, maar aan nederiges gee Hy genade."

In Jakobus leer die Here ons dat Hy nie daarvan hou wanneer ons dink dat ons beter is as ander mense nie. Sonder die Here se genade sal ons niks kan doen nie. Hy gee vir ons elkeen verskillende talente sodat ons Hom kan dien en eer en vir mekaar kan help.

Ons lees in die Ou Testament in Genesis 11 van vers 1-9 dat al die mense dieselfde taal gepraat het. Hulle wou 'n stad met 'n toring bou waarvan die punt tot in die hemel reik. Daardeur wou hulle vir hulle 'n naam maak. Dit beteken hulle wou hê ander mense moes die hoë toring sien en hulle daarvoor bewonder. Die Here het gesien wat hulle doen en verwarring in die mense se taal gebring. Skielik het die mense verskillende tale gepraat en kon mekaar nie meer verstaan nie. Die bouwerk aan die stad en toring het gestop en die mense het oor die aarde versprei soos die Here wou gehad het. Daarom het die mense die stad Babel genoem.

**Gesels:**

Vra vrae soos:
Watter talent het die Here vir jou gegee? / Wat kan jy goed doen, soos bv. sing, lees, hardloop, somme doen, teken, ens.
Hoe kan ek die Here dien met my talente? Byvoorbeeld: Mooi prentjie teken om vir Mamma dankie te sê vir die lekker kos wat sy maak of vir die mense by die ouetehuis gaan sing om hulle op te vrolik.

**AKTIWITEIT:**

Materiaal benodig: Skêr, gom, inkleurkryte, watte, kopie van die 2 aktiwiteitsbladsye

Kleur die bladsy met die stene in, draai dit in 'n keëlvorm en plak vas met gom.
Knip die spiraal los en skryf (of vra 'n grootmens om vir jou te skryf) Jak. 4:6 daarop.
Plak die spiraal aan die toring vas met gom sodat dit lyk soos 'n paadjie wat om die toring kronkel.
Plak 'n bietjie watte aan die bopunt van die toring om wolke voor te stel.

**Gebed:** Liewe Jesus, baie dankie vir al die talente wat U vir my gegee het. Help my om nederig daaroor te wees en U daarmee te dien. Amen.